vision & Learning Centre

Shop 2.14 , Spectacle Warehouse , Atterbury Value Mart , Atterbury Road , Faerie Glen , 0043
Tel: 084 819 2732 Fax : (012) 991 4916

Geagte Laerskool Queenswood Ouer,

Visie speel ‘n kritieke rol in ons lees, leer en rekreasie. Visie is meer as net 20/20 sig. Visie is die vermoë om inligting deur ons oë in te neem en die inligting dan te prosesseer dat dit betekenisvol is. 2/3 van alle informasie wat ons ontvang is visueel en 75%-90% van wat in die klaskamer geleer word, word ontvang deur die visuele sisteem, daarom is dit noodsaaklik dat ons visuele sisteem effektief werk.

Uit die bogenoemde is dit dan belangrik dat daar nie net na u kind se Gesigskerpte (Visual Acuity) gekyk word nie, maar ook na u kind se Binokulêre visie (samewerking van die oë).

Ek, Anke Lombard (Visie Terapeut/Kinderkinetikus) in samewerking met Spectacle Warehouse (Oogkundiges) wil graag die volgende komponente van u kind se oë toets:

- **Gesigskerptheid (Visual Acuity)**: Ondersoek van sig. Afstand sig teen 6m, Naby sig teen 40cm met lees.
- **Autorefractor**: ‘n Rekenaar-beheerde masjien wat gebruik word tydens ‘n oogtoets om ‘n objektiewe meting van ‘n persoon se refraktiewe foute en voorskrif vir 'n bril of kontaklense te voorsien.
- **Akkommodasie/Fokus verandering**: Akkommodatiewe soepelheid; Die vermoë om fokus maklik en akkuraat te verander van NABY tot VER en VER tot NABY. Bv kopiëring vanaf 'n swartbord
- **Navolging & Fiksasie vaardighede**: Om ‘n voorwerp akkuraat na te volg, bv. wanneer die oë oor ‘n bladsy beweeg om te lees.
- **Stereo Visie**: Die persepsie van ‘n drie dimensionele prent. Dit dui op die vermoë om twee apparte beelde tot een te smelt.
- **Kleur Visie**: Onderskei tussen kleure.
- **Konvergensie**: Naaste punt waar enkele, duidelik beeld gehandhaaf kan word (die vermoë van die oë om saam te trek).

- **Divergensie:** Herstel vanaf die konvergensie posisie.
- **Dek toets (Cover test)**: Toets vir ‘n afwyking van die normale belyning van die oog. (Skeel ogie)

U as ouer kan u kind laat deelneem aan die Visuele Screening. Die koste beloop R50.00 per kind. Al wat ons van u as ouer benodig is skriftelike toestemming vir u kind om deel te neem. Vul asb. die aangehegde vorm in en stuur dit terug na die skool voor/op 27 Mei 2011.

Plaas asb. die regte hoeveelheid geld in ‘n koevert met u kind se naam en klas op, heg dit aan die vorm en stuur dan terug na die skool.

As u enige verdere inligting i.v.m die toets prosedure benodig, kontak ons asb. direk by:

Anke Lombard 084 819 2732 of Spectacle Warehouse Oogkundiges 012 – 991 4911

Baie Dankie,

Anke Lombard en Spectacle Warehouse Oogkundiges.

VUL ASB. DIE VORM IN EN STUUR DIT TERUG NA DIE SKOOL.

Naam van kind:_____

Graad en klas:_____

Kontak person:_____

Tel: _____

E-mail: _____

Dra u kind ‘n bril? ja / nee

Hiermee gee ek skriftelike toestemming dat my kind aan die visuele screening mag deelneem.

Handtekening: _____ Datum: _____